LAERSKOOL QUEENSWOOD

Posbus 11011 Queenswood 0121
Faks (012) 333 0256
Tel (012) 333 0255

Kirkbystraat 1251 Queenswood 0186
www.laerskool-queenswood.co.za
e-pos: lsqueen@mweb.co.za

15 September 2011

OUPA- EN OUMADAG

Geagte Ouers/Voogde

Dit is alweer tyd vir ons gebruiklike Oupa- en Oumadag. Die geleentheid vind plaas op Vrydag, 30 September 2011. Die oupas en oumas arriveer om 9:00 waar hulle tee en koffie sal geniet op die grasperk voor die Gr 1 en 2 klasse. Om 10:00 beweeg hul na die saal, waar 'n kort program sal volg.

Ons neem weer die vrymoedigheid om u te nader vir verversings (vingereetgoed asb, geen koeke of terte, dit hanteer te moeilik) op die betrokke dag. 'n Geldelike bydrae sal ook welkom wees sodat ons verversings kan aankoop. Dit is tans reeds baie warm en daarom het ons sambrele en gazebo's vir die dag nodig. Ons versoek u egter baie vriendelik om dit self vroeg die oggend van 30 September te kom opslaan en weer na afloop van die verrigtinge te kom afhaal. (Merk dit asb duidelik). Daar kan binne die terrein geparkeer word. Die leerders kom die dag met gewone klere skooltoe.

Alle oupas en oumas is hartlik welkom. Ons sien uit om hulle te ontvang.

Stuur asseblief die skeurstrokie voor of op Woensdag, 21 September 2011 na die betrokke voogonderwyser.

Vriendelike Groete

_____
R. LUDICK
PRINSIPAAL

==========

Skeurstrokie: Oupa- en Oumadag
(Stuur na die betrokke voogonderwyser voor of op 21 September.)

Ek _____ ouer/voog van _____ in Gr ___

Neem kennis van die Oupa- en Oumadag en stuur graag:

1.1 Verversings: (Dui aan hoeveel dosyn asb.)

Soet: _____ Sout: _____

Geldelike bydrae: R_____

1.2 Getal oupas en oumas wat die dag gaan bywoon: _____

1.3 Ek het 'n sambreel/gazebo wat ek tot u beskikking sal stel. ☐
Ek sal self opslaan en afslaan. ☐

1.4 Dui asb aan as daar enige oupa of ouma in 'n rolstoel is: ☐

_____ _____
Handtekening ouer/voog Datum

Skoolbeheerliggaam: S van Herk (Voorsitter) - R Ludick (Prinsipaal) - E Smit - T Combrinck - I de Wet - C Els - C Lombard - D Scheepers